

REGLEMENT VIR 'N ROOK- EN TABAKVRYE KAMPUS: FGGW (2018)
FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSAPPE,
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Goedgekeur deur die Rektor se Bestuurspan: 27 Maart 2018

Finale weergawe goedgekeur deur die Dekaan: 4 September 2018

1. BEGRONDING

Ondanks openbaregesondheidsveldtogte en verskeie vorme van wetgewing bly rook die voorste vermybare oorsaak van sterftes wêreldwyd; huidig veroorsaak dit ses miljoen sterftes per jaar en kos dit die wêreld meer as een triljoen Amerikaanse dollar per jaar aan gesondheidsorguitgawes en verlies aan produktiwiteit. Volgens die jongste *Tobacco Atlas* (6^{de} uitgawe, 2018)¹, verteenwoordig lande uit die lae- en gemiddelde-inkomste-groep meer as 80% van tabakgebruikers en tabakverwante sterftes. Dit beteken dat die las van tabakverwante kostes swaarder druk op diegene wat dit die minste kan bekostig. In Afrika suid van die Sahara het die verbruik van tabakprodukte tussen 1980 en 2016 met 52% gestyg (vanaf 164 biljoen sigarette tot 250 biljoen). Dit word aan aggressiewe bemerking deur tabakmaatskappye toegeskryf. Die gebruik van en blootstelling aan tabak is 'n openbaregesondheidskwessie wat liggaamlike sowel as geestelike welstand aantast.² Dit verhoog mense se risiko om kanker (van die larinks, tragea, longe, maag, pankreas, niere, kolon, serviks en blaas), iskemiese hartsiekte, lugweginfeksies (bv. longontsteking, emfiseem, chroniese obstruktiwepulmonêre siekte en asma) en aortiese aneurismes op te doen.³ Dit verhoog mediese onkoste en verlaag produktiwiteit. Nie net sterf rokers gemiddeld tien jaar vroeër as nierokers nie;³ die gebruik van tabak- en ander soortgelyke produkte is boonop skadelik vir nierokers en die omgewing. In die lig van bewyse dat blootstelling aan tweedehandse rook nadelig is, het talle instansies die skuif begin maak om tabakvrye ruimtes te word en sodoende die gesondheid van personeel en besoekers te beskerm. Op dié manier word die gesondheid gerespekteer en beskerm van alle persone wat by die instansie werk, daar studeer of dit besoek, en word verbeterde produktiwiteit sowel as algemene gesondheid en prestasie aangehelp. Waar die beleid om tabakvry te wees, ingestel is, is bevind dat die rookgewoonte afneem, die luggehalte verbeter en besoedeling (veral in die vorm van sigaretstompies) verminder. Die uiteinde is 'n gesonder en aangenamer werkplek sowel as verlaagde skoonmaak-onkoste.³

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) aan die Universiteit Stellenbosch (US) – hierna ook “die Fakulteit” – aanvaar dat die instelling 'n verantwoordelikheid teenoor personeel sowel as studente het om 'n gesonder en veilige omgewing op kampus te skep. Doelwit 1 van die Fakulteit se Strategiese Plan 2013–2018 lui soos volg: “Die FGGW sal 'n mensgerigte institusionele kultuur bevorder waarin persoonlike ontwikkeling, **gesondheid en welwees**, diversiteit, inklusiwiteit, gelykheid en ander menseregte kan gedy.” Dit is duidelik dat die Fakulteit die gesondheid en welwees van personeel en studente beskou as 'n belangrike element van die FGGW se doelwit om mensgerig te wees. Boonop is die kern en aard van die Fakulteit se werksaamhede (gesondheidswetenskappe) daarop gerig om die gesondheid, welwees en lewensgehalte van alle mense te bewaar en te bevorder. Dit sluit die bevordering van gesonde lewensgewoontes in, soos om nie te rook of tabak of ander verwante middels te gebruik nie. Dit is ook vir die Fakulteit 'n saak van eer om 'n voorbeeld te stel, en dat FGGW-personeel en -studente agente van verandering in en aan die samelewing sal wees.

Teen hierdie agtergrond het die Dekaan se Bestuurspan (DBS), na beraadslaging met die Fakulteitsraad, besluit om 'n verskuiwingsproses te onderneem wat die FGGW in 'n rook- en tabakvrye kampus sal omskep. Die Komitee vir 'n Tabakvrye Kampus is in 2015 gestig met die oogmerk om die saak te ondersoek en 'n konsepweergawe van die Reglement vir 'n Rook- en Tabakvrye Kampus vir goedkeuring op te stel. Die Rektor se Bestuurspan (RBS) het hierdie Reglement op 27 Maart 2018 goedgekeur. Hierdie verskuiwing gebeur nie in 'n lugleegte nie. Die US in die geheel is tans besig om die instelling se beleid oor rook en tabakgebruik te hersien, en die nasionale *Wetsontwerp op die Beheer van Tabakprodukte en Elektroniese Leweringstoestelle* is op die oomblik vir openbare kommentaar beskikbaar. Internasionale gebeure, soos die Inisiatief vir 'n Tabakvrye Kampus in die VSA (<http://tobaccofreecampus.org>), wat in 2012 onderneem is, het daartoe gelei dat 2 082 Amerikaanse universiteitskampusse teen November 2017 100% rookvrye ruimtes geraak het, waarvan 1 743 (83,7%) volledig tabakvry is, 1 658 (79,6%) die gebruik van e-sigarette oftewel verdampers (Eng. *vapes*) oral op kampus verbied, 854 (41%) uitdruklik die gebruik van Turkse waterpype (algemeen in SA as *hookahs* of *hubbly bubbliës* bekend) verbied, en 109 dit nou verbode gemaak het om dagga elektronies of andersins te rook. Hierdie wêreldwye ontwikkelings is 'n duidelike bewys dat hierdie Reglement 'n skuif in die regte rigting is, en in lyn met internasionale standaarde.

2. WETLIKE RAAMWERK

Die huidige regsposisie in Suid-Afrika is dat enige instansie of werkplek oor die reg en die gesag beskik om rook te verbied of afgebakende rooksones aan te wys. Dit is ingevolge die Regulasies by die Wet op die Beheer van Tabakprodukte 83 van 1993 wat in *Goewermentskennisgewing* R975 van 2000 gepubliseer is en die rook van tabakprodukte in openbare plekke soos volg bereël [eie Afrikaanse vertaling van die amptelike Engelse bronteks]:⁴

'n Werkgewer, eienaar, lisensiehouer, huurder of persoon in beheer van 'n openbare plek moet verseker dat geen persoon op enige plek buiten die rooksones wat vir daardie openbare plek toegewys is, rook nie.

'n Werkgewer moet verseker dat-

- (a) werknemers wat nie aan tabakrook by die werkplek blootgestel wil word nie, teen tabakrook in daardie werkplek beskerm word; en*
- (b) werknemers beswaar teen tabakrook in die werkplek mag maak sonder vergelding van enige aard,*

Werkgewers moet 'n skriftelike beleid oor rook by die werkplek hê, en die beleid moet in werking gestel word binne drie maande vanaf die datum waarop die Wysigingswet op die Beheer van Tabakprodukte 12 van 1999 in werking tree.

En, die belangrikste punt vir doeleindes van hierdie Reglement:

9) Enige werkgewer, eienaar, lisensiehouer, huurder of persoon in beheer van enige openbare plek of gedeelte van 'n openbare plek mag rook in daardie plek volledig verbied.

Die Wet op die Beheer van Tabakprodukte voorsien vir die beskerming van nierokers – dit bevat geen bevoordeling van of beskerming vir rokers nie. Die Konstitusionele Hof het bevind dat die gevare verbonde aan rook veel gewigtiger is as rokers se belange, en dat Suid-Afrika daartoe verplig is om die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se Raamwerkkonvensie oor Tabakbeheer te onderhou. Rook by die werkplek word nie ingevolge die arbeidsreg bereël nie; slegs deur bogenoemde Wet. Ingevolge die Wet is die Universiteit daarop geregtig om rook by die werkplek heeltemal te verbied indien die

instelling sou wou, en het die Universiteit geen plig om vir rookpouses vir personeellede te voorsien of spesiale rooksones opsy te sit nie. Werkgewers, in hierdie geval die US, staan onder geen verpligting om die middelverslawing van nikotienrokers te fasiliteer nie, net soos werkgewers geensins verplig is om enige werknemer se verslawing aan alkohol, dwelmmiddels, ensovoorts te fasiliteer nie (sien by <http://www.labourguide.co.za/general/606-smoking-in-the-workplace>).

Die US Rookbeleid, wat in die 2016-Jaarboek *Deel 1* verskyn, bepaal dat rook op grond van “veiligheids-, gesondheids- en geriefsoorwegings [...] te alle verbied” word in ’n lys plekke wat onder meer die volgende insluit: **Enige spesifieke ruimte wat die Universiteit volgens eie diskresie formeel as ’n nierooksone aandui** (par. 7.2.14).

Die oogmerk van die FGGW se Reglement vir ’n Rook- en Tabakvrye Kampus (2018), wat in hierdie dokument vervat is, is om ’n allesomvattende, duidelike boodskap oor die deurvoering en volhoubaarheid van ’n rook- en tabakvrye kampus aan die FGGW uit te stuur en daarmee sosiale norme te stel deur middel van huidige en toekomstige professionele gesondheidsorgwerkers wat as rolmodelle optree.

3. REGLEMENT VIR ’N ROOK- EN TABAKVRYE KAMPUS: FGGW

Met ingang van **1 Januarie 2019** is

- 1) rook (soos in par. 4 hier onder omskryf) sowel as
- 2) die gebruik van tabakprodukte (soos in par. 4 hier onder omskryf)

op persele van die US FGGW verbode.

4. WOORDOMSKRYWINGS

- **Rook** beteken om ’n aangesteekte tabakprodukt (soos hier onder omskryf) of ’n verhitte tabakprodukt wat ’n damp van enige aard vrystel, in te asem, uit te blaas, binne te hou of andersins beheer daarvoor uit te oefen; of om ’n elektroniese leweringstoestel (van nikotien sowel as nikotienvrye stowwe, soos hier onder omskryf) te gebruik of andersins beheer daarvoor uit te oefen.
- **Tabakprodukt** beteken ’n produkt wat tabak of ’n tabakblaar-ekstrakt (bv. nikotien) bevat en vir menslike verbruik bedoel is. Dit sluit die volgende in sonder om daartoe beperk te wees: sigarette, sigarello’s, sigare, pype, waterpype (algemeen as *hookahs* of *hubbly bubblys* bekend), beedi’s, kreteks, rooklose tabak, pruimtabak, snus (korrelsnuif), snuif (poeiertipe) en elektroniese nikotienleweringstoestelle (e-sigarette of verdampers, oftewel *vapes*), of enige ander nikotienleweringstoestel; dit sluit egter geen voedsel, geneesmiddel of toestel in wat nikotien bevat en waarop die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe 101 van 1965 van toepassing is nie (bv. nikotienplakkers).
- **Elektroniese leweringstoestel/e-sigaret/verdamper** verwys na óf ’n elektroniese nikotienleweringstoestel óf ’n elektroniese nikotienvrye leweringstoestel. “Elektroniese nikotienleweringstoestel” beteken ’n produkt wat elektronies funksioneer en ontwerp is om ’n damp aan gebruikers te lewer deur verhitting van ’n oplossing wat uit nikotien en gewoonlik (maar nie noodwendig nie) propyleenglikol of gliserol, of albei, bestaan en dikwels ’n geurmiddel bevat; en enige ander oplossing wat vir gebruik met of in sodanige produkt bedoel is. “Elektroniese nikotienvrye leweringstoestel”, daarenteen, beteken ’n produkt wat elektronies funksioneer en wat ontwerp is om ’n damp aan gebruikers te lewer deur verhitting van ’n oplossing bestaande uit middels wat nie nikotien bevat nie; en enige ander oplossing wat vir gebruik met of in sodanige produkt bedoel is.

5. TOEPASSINGSVELD VAN DIE REGLEMENT

Hierdie Reglement geld vir alle personeellede (permanente, tydelike óf ad hoc-aanstellings), studente, kontrakteurs en subkontrakteurs en hulle werknemers, verkopers wat op kampuspersele handel dryf, konsultante, besoekende werkers, vrywilligers, pasiënte, kontrakhuurders, lede van die publiek en besoekers aan die FGGW wat fisiek die Tygerberg-kampus van die US betree, ongeag wat die doel van die besoek is. Al bogenoemde partye staan onder verpligting om aan die Reglement te voldoen.

6. ROOK- EN TABAKVRYE SONES

Ingevolge hierdie Reglement is rook en die gebruik van tabakprodukte op persele van die US FGGW verbode. Die Reglement is van toepassing op alle persele wat aan die US FGGW behoort of deur die instelling gehuur of beheer word. Dit beteken dat die Tygerberg-kampus van die FGGW as volkome rook- en tabakvry beskou word met ingang van die datum waarop hierdie Reglement in werking tree. Rook- en tabakvrye sones sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

- werkplekke, kantore, lesinglokale, ingangsportale, trapskagte en laboratoriums;
- koshuise of Universiteitsbehuising;
- restaurant- en kafeteriafasiliteite (TSS);
- toilette en kleedkamers;
- enige voertuig op 'n FGGW-perseel (privaat voertuie ingesluit);
- buitelugsones – ook grasperke, voetpaadjies, tuine, sportvelde en -fasiliteite, en swembaddens;
- buitelugsones vir voetgangerverkeer;
- ingange en uitgange wat regstreeks met die buitelug verbind is;
- oop vensters of afleweringseenhede wat aan die buitelug blootgestel is;
- gedeeltelik afgeslote ruimtes, soos balkonne en terrasse; en
- parkeerterreine.

Ooreenkomstig wetgewing, en as deel van die Universiteit se strewe om 'n gesonder werks- en studie-omgewing te bevorder, het die Fakulteit besluit om nie rook en tabakgebruik te bevorder of ondersteun nie; gevolglik is daar besluit dat die FGGW geen rookkamers, -hoekies of -sones op enige perseel op die Tygerberg-kampus toe te wys nie.

7. VOLDOENING EN AFDWINGING

Tekens en kennisgewings wat dit aan alle personeellede, studente en besoekers duidelik stel dat die FGGW 'n rook- en tabakvrye kampus is, word oor die kampus heen op duidelik sigbare en strategiese plekke aangebring word ooreenkomstig die bepalings van die Suid-Afrikaanse reg en Fakulteitsvereistes, onder meer by die hoofingang en alle ander ingange tot die kampus, ingange by alle geboue, voetgangerpaadjies, parkeerterreine, koshuise en buitelugfasiliteite. Ingevolge Regulasie R975 van 2000 moet tekens wat aandui dat rook verbode is, die volgende waarskuwing dra: "ENIGIEMAND WAT VERSUIM OM HIERDIE KENNISGEWING TE GEHOORSAAM, SAL VERVOLG WORD EN KAN 'N BOETE OPGELÊ WORD." Enige persoon wat hierdie Reglement oortree, sal versoek word om nie te rook nie en aan die Reglement vir 'n Rook- en Tabakvrye Kampus herinner word. Indien die opdrag om op te hou rook, geweier word of indien die oortreding herhaal word, word 'n tweede mondelinge waarskuwing uitgereik en word die aangeleentheid by die tersaaklike lynbestuur of studentestruktuur aangemeld. By 'n derde oortreding word 'n skriftelike waarskuwing uitgereik. Enige verdere oortredings sal tot strafmaatreëls ingevolge die dissiplinêre prosesse vir personeellede en studente lei, terwyl besoekers onder begeleiding van 'n kampussekuriteitsbeampte die perseel moet

verlaat. 'n Kontaknommer en e-posadres op kampus sal verskaf word sodat belanghebbende partye enige wangedrag kan aanmeld of terugvoer kan gee.

8. ADVERTERING, BEMARKING, BORGSKAP EN VERKOOP VAN TABAKPRODUKTE

Die FGGW laat geen advertering, bemarking of verkope van enige tabakprodukte (in enige vorm – verwys na “2. Toepassingsveld van die Reglement”) toe nie. Dit sluit verkope op FGGW-persele sowel as geleenthede wat met die Fakulteit verband hou, in. Alle geaffilieerde kampuspersoneel (met inbegrip van beamptes, personeellede, adviseurs en ander verteenwoordigers van die FGGW) word verbied om gratis geskenke te aanvaar of om, hetsy regstreeks of onregstreeks, bande met verteenwoordigers van die tabakbedryf op kampus te hê. Maatskappye wat tabak vervaardig of verkoop, word verbied om studentewerwingsgeleenthede en opedae van die Universiteit of die Tygerberg-kampus by te woon.

9. HULPMIDDELS EN PROGRAMME OOR HOE OM OP TE HOU ROOK

Die Fakulteit erken dat rook en tabakgebruik verslawend is, en dat rokers kan sukkel om die gewoonte te laat staan. Nietemin kan berading en medikasie die moontlikheid meer as verdubbel dat 'n roker daarin slaag om op te hou rook. Die jaarlikse Discovery Welweesdag se verslae uit 2010 tot 2015 toon dat, onder personeellede wat aan die Welweesdag deelgeneem het ($\pm n = 150$ per jaar), gemiddeld 10% tot 20% rokers was. 'n Opname wat die FGGW se Afdeling Menslike Voeding in 2016 gemaak het, het getoon dat 10% ($n = 31$) van die 300 deelnemende personeellede gemiddeld 7,5 sigarette per dag rook. Dit is dus belangrik om seker te maak dat hierdie persone toegang tot behoorlike ondersteuning het. Kampusgesondheidsdiens, in samewerking met die FGGW Welweeskomitee, sal toepaslike ondersteuning aan personeel en studente verskaf ten einde mense te help om die rookgewoonte te laat staan. Die DBS het fondse beskikbaar gestel vir ondersteuning aan personeel en studente wat graag wil ophou rook, sodat toegang tot die gepaste hulpmiddels om op te hou rook via die US Kampusgesondheidsdiens verskaf kan word in die volgorde waarin persone om hulp kom aanklop. Hierdie geleentheid is vanaf 3 Augustus 2018 oop vir persone wat onmiddellik met die proses wil begin met die oog op die inwerkingstellingsdatum van die Reglement, wat 1 Januarie 2019 is.

Hierdie vorm van ondersteuning sluit die onderstaande in, maar is nie daartoe beperk nie:

1. berading en opvolgbesoeke by Kampusgesondheidsdiens in die TSS;
2. berading wat verskaf word aan persone wat aantoon dat hulle graag wil ophou rook; en
3. medikasie en materiaal wat mense help om op te hou rook, wat nikotienvervangingssterapie insluit.

'n Wye verskeidenheid maniere om op te hou rook of tabak te gebruik, is op kampus vir studente en werknemers beskikbaar. Studente en personeel kan die US Kampusgesondheidsdiens (Tygerberg) se praktyk by 021 938 9590 bel vir besonderhede oor die Kampusgesondheidsdiens se Hou Op Rook-program en die verskillende moontlikhede wat daar is.

10. OPSOMMING

Geen personeelid of student wat verkies om aan te hou rook of tabak te gebruik, sal geviktimiseer word of gedwing word om op te hou rook nie. Desnieteenstaande word daar van almal verwag om aan die Reglement vir 'n Rook- en Tabakvrye Kampus te voldoen – soos in die geval van alle amptelike US-beleide en -reglemente. Dit beteken dat geen werknemers, studente of besoekers aan die Fakulteit na 1 Januarie 2019 toegelaat sal word om te rook of tabakprodukte op kampuspersele te gebruik nie. Die normale dissiplinêre prosedures vir versuim om aan amptelike Universiteitsbeleide te voldoen, geld vir persone wat hierdie Reglement oortree.

11. INWERKINGTREDINGSDATUM

Die FGGW se Reglement vir 'n Rook- en Tabakvrye Kampus tree op 1 Januarie 2019 in werking.

12. HERSIENING VAN REGLEMENT

REGLEMENTNOMMER	FMHS-STFCR01 2018
TITEL	REGLEMENT VIR 'N ROOK- EN TABAKVRYE KAMPUS: FGGW, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Universiteit Stellenbosch
STATUS VAN DIE DOKUMENT	Afgehandel
DATUM AFGEHANDEL	3 Augustus 2018
INWERKINGTREDINGSDATUM	1 Januarie 2019
HERSIENINGSIKLUS	Driejaarliks
VERANTWOORDELIKE PERSOON/PERSONE	Prof Nico Gey van Pittius (Visedekaan: Navorsing, FGGW) Dekaan se Bestuurspan Dr Sunita Potgieter (voorsitter, Welweeskomitee, FGGW)

Bronne:

1. Jeffrey Drope & Neil W Schluger (reds.) 2018. *Tobacco Atlas* (6^{de} uitg.) [Intyds]. Beskikbaar: http://tobaccoatlas.org/wp-content/uploads/2018/03/TobaccoAtlas_6thEdition_LoRes.pdf. [2018, Maart 14].
2. International Union against Tuberculosis and Lung Diseases. 2008. *Tobacco-free Educational Campuses: A Tobacco-free Futures Action Guide* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.theunion.org/what-we-do/publications/english/pubtc_campus-factsheet-en.pdf. [2016, Desember 2].
3. Sparks M, Bell R, Sparks A, et al. 2012. *Creating a Healthier College Campus: A comprehensive manual for implementing tobacco-free policies* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.wakehealth.edu/uploadedFiles/User_Content/Research/Departments/Public_Health_Sciences/Tobacco_Free_Colleges/Tobacco-Free%20Manual_Web7.pdf. [2016, Desember 2].
4. Republiek van Suid-Afrika. 2000. *Notice relating to Smoking of Tobacco Products in Public Places* (GN R975) [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.tobaccocontrollaws.org/files/live/South%20Africa/South%20Africa%20-%20Notice%20No.%20R.%20975%20-%20national.pdf>. [2016, Desember 2].